**Saterdag 8 September**

| Skrifgedeelte: Rigters 5:1-31 | Fokusgedeelte: Rigters 5:2 |
|---|---|

# … daar is vreugde in die huis van Israel …!

Debora en Barak besing die lof van die Here en roep die leiers en die volk op om die-selfde te doen. Wat dan anders as ’n loflied wanneer die Here weer sy genade en sy liefde aan sy volk betoon?

In sterk simboliese taal besing hulle die opmars van die Here … *die aarde het gebewe, die hemel het reën gegee,* die *berge het weggesmelt voor die Here*, want wanneer die Here *intree*, weet almal en alles dit. *Uit die hemel het die sterre geveg, die Kisonrivier het die vyand meegesleur* (:20, 21).

Tog gebruik God ook regdeur die eeue, op ’n byna “ondenkbare” wyse, gewone mense in sy diens.

In hierdie verhaal staan Debora, Barak en Jael op die voorgrond, maar dit is eintlik *die Engel van die Here* self wie se werk deur gewone mense voortduur van geslag tot geslag, van kerk tot kerk, van gemeente tot gemeente! Dit is tog ons Here Jesus Christus self wat roep en bekwaam maak! Dit is Hy self wat toerus en stuur en elke dienaar in God se diens is ’n instrument in die hande van Jesus Christus.

Die oorwinning oor Sisera roep die volk op tot lofsange voor die Here! Die finale oor-winning van Christus oor die Bose roep elke gelowige op tot ’n loflied voor die Here!

*… daar is vreugde in die huis van Israel …!* Die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie. Christus regeer!

*“Mag al u vyande so omkom, Here, maar mag dié wat U liefhet, wees soos die son wat in sy volle krag skyn”* (:31).

*Sing: Psalm 99-1:1, 2*

*Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)*